

Haaie spoke uit verlede

Borland wil gobale weerstand uitbeeld met skeepshouer-sjebien

Ralph Borland, 'n opspraakwekkende jong kunstenaar van Kaapstad, is die skepper van die skeletagtige haaie op Pierplein, die haaie wat fluit in sterk wind. Arnold Vermaak het met hom gesels oor haaisterte, pcomp en die idee van 'n globale sjebien.

ÈRENS in Kaapstad is 'n gelukkige eienaar van twee aluminium-en-laaghout-haaisterte – die sterte van twee van Ralph Borland se haaiskeppings op Pierplein in Roggebaai wat deur die wind afgewaaai is.

Borland, 'n gegradueerde van die Michaelis-kunsskool en die Universiteit van New York se interaktiewe telekommunikasieprogram, was in Zimbabwe, waar sy ouers woon, toe hy e-pos met die nuus ontvang het. “Nou het ons ook die ander drie se stert afgehaal,” sê hy. “Ons wil nie hê iemand in die middestad moet deur haaie aangeval word nie.”

Hy aanvaar die huidige stertlose haaie gemoedelik en glo nie dit is deur vandale beskadig nie. Die installasie is vier of vyf maande gelede voltooi, en tot einde vanjaar is Borland verantwoordelik vir die instandhouding daarvan.

“Die sterte is van aluminium en laaghout gemaak omdat hulle so groot moet wees; maar ons sal die samestelling moet herbedink en iets prakseer wat windbestand is.”

Veral diegene wat reeds die Pier-

plein-haaie gesien het – kantoorwerkers in Roggebaai en besoekers aan die gimnasium daar naby – sal wil weet waarom en hoe sulke sierlike dierasies op die plein verrys het.

“As deel van die projek van die Stad Kaapstad,” verduidelik Borland, “wou ek graag die geskiedenis van die stad inbring. Sowat 100 jaar gelede was hierdie gedeelte nog onder water. Die haaie, met hul geraamte-voorkoms, dien op 'n manier as spoke.” Wanneer jy hulle egter van voor af bekyk, sien jy hulle meer driedimensioneel.

Verdere inspirasies vir die projek was die walvis-uitstalling in die Nasionale Museum en die sterte van Karoo-windpompe wat as windroer dien.

“Die idee was om iets wat voorheen hier was, terug te bring om te spook – iets onheilspellends.”

Maar waarom nie eerder 'n oulike dolfyn of 'n seester nie? “Die haaie,” sê Borland, “dien ook as 'n boodskapper, en as jy 'n boodskapper na die vyand wil stuur, sal jy al-

tyd jou beste kryger kies.”

'n Ander interpretasie wat 'n omstander gegee het – en een waarmee Borland hom kan vereenselwig – is dat die haaie met hul staal-en-aluminium-rompe herinner aan 'n besoek uit die toekoms. “Wie weet, met die seevlak wat aan die styg is, kan dit dalk in die kol wees!”

En dis maar een boodskap van die werk. “Menslike manipulasie van die natuur – oral rondom ons antwoord die natuur daarop. Miskien moet 'n veldtog begin word: ‘Gee die strandgebied terug.’” Tong in die kies gesê, maar dit bevat ook 'n kenmerk van die Borland wie se ouers in 1986 Kaapstad vir Zimbabwe veruil het om in 'n onafhanklike land te gaan woon. “Die hele idee van weerstand het daar begin.”

Oor weerstand: “Kuns bied verskillende moontlikhede; dis 'n forum om dinge sigbaar te maak, en 'n geleentheid om mense te herinner aan die dinge wat nie binne hul gesigsveld is nie. En dis inherent politieke – omdat mense met mag nie wil hê jy moet sekere dinge raaksien nie.”

Vandag het Suid-Afrika nie meer die duidelike ideologiese oorlog teen apartheid nie, maar Borland is oortuig die behoefte aan politieke kuns bly voortbestaan. “Dit is egter nie meer so didakties nie, dis meer suggestief.” Vir die Brett Kebble-kunsprijs in 2004, waarvoor hy 'n finalis was, het hy sy werk *Vuvuzela* voorgelê. Hy het 'n Orlando Pi-

rates-vuvuzela gebruik en slegs die kopbeen van die sokkerspan se embleem behou. “Die instrument is 'n geprakseerde rasse-ikoon,” sê Borland, wat, toe hy die geluid van dié instrument die eerste keer by 'n sokkerwedstryd gehoor het, gedink het daar is 'n fout met die televisie.

“Die werk is 'n toonbeeld van die gerammel van die swart meerderheid. Sodra jy nader tree aan die vuvuzela, maak dit 'n geluid, 'n soort waarskuwing.” Amper profeties, met die huidige protes teen die gebrek aan dienslewering in sommige townships in Gauteng en Port Elizabeth.

'n Groot uitdaging is om sy kuns interaktief te maak – soos *Vuvuzela*; soos die Pierplein-haaie met sensore in die snoet wat die haaie laat beweeg wanneer iemand onder verbyloop; soos 'n werk getitel *Suited for Subversion*. Laasgenoemde, tans uitgestal in New York se Museum vir Moderne Kuns as deel van die tentoonstelling *Safe – Design Takes on Risk*, is geïnspireer deur die beskermende oorpak wat protesteers teen oorlog soms dra. Wanneer hierdie rooi pak aangetrek is, word jou hartklop gemonitor en deur 'n luidspreker in die middel van die pak geprojekteer. “Dit is tegelyk 'n wapenrusting en 'n ontwapening,” sê Borland.


Met hierdie doel voor oë bly sy verhouding met interaktiewe kuns tog problematies. Borland verduidelik: “Dis omdat 'n kompromie be-

trokke is om 'n werk sô te maak – ons interaksies is gesofistikeerd, en kuns lyk altyd asof dit gemaak is vir meer komplekse interaksies.”

Die gesprek draai na die interaktiewe genre bekend as fisieke rekenaarverwerking (*physical computing* of somer net pcomp), 'n rigting waarin Borland kursusse aanbied aan die Universiteit van die Witwatersrand en die Universiteit van Kaapstad.

“Die vraag in verband met pcomp is: Hoe kan ons die krag van rekenaars gebruik om dinge in werklike ruimte te verander (die ruimte wat deur 'n beeldhouwerk beset word)?” En dan volg 'n string verduidelikings: “om inligting te lees uit werklike ruimte”; “hoe om die kyker te beweeg – hierdie inligting kan gebruik word om op 'n manier te reageer”; en “om gelei te word deur die idee, deur die soort onderverandering wat jy skep, en om die nodige tegnologie uit te werk om dit te vermag”.

Borland se volgende werk sal in Melbourne ten toon gestel word om met vanjaar se Statebondspele saam te val. Die naam van die tentoonstelling is *New Wave*, en Borland se inskrywing is getitel *Side-show*. “Ek gaan 'n skeepshouer omskep en met politieke kuns vul. Al die meubels gaan van bierkratte gemaak wees – 'n beeld van globale weerstand deur kreatiewe metodes. 'n Globale ontmoetingsplek, 'n globale sjebien.”



van sy haaie.

Foto: JO-ANNE CAVANAGH